DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 21/2026 – 20 Augustus 2026

**Liewe Menlo**

Dit gebeur klokslag in Augustus, net na die begin van die voorbereidende eksamen. Die foon in die Insigkantoor lui en dan hoor 'n mens die benoude asemhaling van 'n matriekouer aan die ander kant.

Vandeesweek was geen uitsondering nie. Die Insig deel daarom graag beproefde raad aan ouers om te verseker dat elke huishouding heelhuids aan die ander kant van die voorbereidende eksamen uitkom.

"More," sê ek, nadat die skril geluid van die foon tot bedaring kom. "More," sê die bewende stem. "My kind is in matriek en skryf voorbereidende eksamen. Toe ek vanoggend opstaan, trek my keel toe en dit voel asof daar spykers in my maag is. Sê my, het julle raad vir matriekouers?"

"Hou 'n oomblik aan, Mevrou. Maak solank 'n lekker koppie koffie. Ons gesels nou weer."

Die soektog na antwoorde lei die Insig na gesoute onderwysers naamlik juffroue Ester Cloete, Minetta Hofmeyr en Annelize Rademeyer.

Saam het hulle nagenoeg tien jaar se ervaring as matriekouers en meer as 'n honderd jaar se ervaring as onderwysers. Gesout, bekwaam en immuun teen matriekstres.

"Sjoe," sê hulle. "Dit is nie maklik om 'n kind in matriek te hê nie, maar hierdie groep kinders is slaggereed vir enige uitdaging."

Al drie hierdie juffrou-ma's is dit eens dat die ouers soms meer gespanne as hulle matriekkinders is. Hulle aanbeveling is dat ouers, veral dié wat die spanning saam met hulle kinders ervaar, liefs katvoet moet loop om hulle spanning nie aan die kinders oor te dra nie. Stap om die blok, bak 'n koek, kuier by 'n vriendin en geniet 'n bietjie troos in 'n glas. Koffieverslawing, sê hulle, is ook normaal én sosiaal aanvaarbaar.

Alhoewel daar konsensus is dat vrae oor die akademie liefs vermy moet word, is mee. Cloete en Hofmeyr dit eens dat daar tog een vraag is wat altyd toelaatbaar is: "Het jy genoeg wiskundevraestelle uitgewerk?"


Verder benadruk die juffrouens die belangrikheid van vertroue. "Wys vir jou kind dat jy hom/haar vertrou. Dit is nie nodig om hulle te herinner om te gaan leer nie. Hulle weet wat om te doen."

Die navorsing is klaar. Die antwoord is gereed. Ek maak keel skoon en skakel die benoude moeder terug.

"Mevrou," sê ek. "Hier is raad. Die matrieks is absolut voorbereid. Na bykans twaalf jaar op die skoolbanke is elke Parkie reg vir die lewe daar buite."

"Ons het in die laaste vyf jaar gesien hoe veerkragtig, toegewyd, entoesiasties, kreatief en hardwerkend hierdie groep is. Die matrieks is gereed vir die eksamen. Hulle kan golwe trotseer. Ongetwyfeld."

Sterkte, Matrieks!



"Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;
maar elkeen wat drink van die water wat Ek hom sal gee, sal in ewigheid nooit dors kry nie. Maar die water wat Ek hom sal gee, sal in hom word 'n fontein van water wat opspring tot in die ewige lewe."

**TEKSVERS VIR DIE KWARTAAL**

**JOHANNES 4: 13—14**

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

## Kommunikasie met personeel

Ouers is welkom om onderwysers enige tyd per e-pos te kontak.
Maak gerus van die *Communicate with Staff*-funksie op Ed-admin gebruik.

## Menlo-kalender

Die skool se kalender is op Ed-admin en die webblad beskikbaar.

- Ed-admin fokus op akademie (stel u kalender op Day of week).
- Die webblad fokus op sport– en kultuurgebeure.

Ouers het die opsie om op die kalender in te teken. Die skoolkalender is in verskillende skakels verdeel. Ouers teken slegs op die kalender in wat op hulle kinders van toepassing is. Indien die kalender verander, sal die kalenders op Ed-admin, die webblad en ouers se fone outomaties opdateer.

**Intekenskakels**

- Volg die QR-kode.
- Die skakels is ook via Ed-admin met ouers gedeel (Notifications).

## Ed-admin

Kode: 599649.
Stelseladministrateur: Mnr. Andrew Mc Geer (andrew.mcgeer@menlopark.co.za).

## Gratis studiekursus

Elke Maandag vir die volgende nege weke.

**Tyd:** 14:15—15:00

**Lokaal:** F102

# ALGEMENE KOMMUNIKASIE

**Selfoonsluitkassies**

Daar is sluitkassies vir selfone beskikbaar.
Die koste beloop R300 vir die res van die jaar.
Navrae: nicolene.vaneyk@menlopark.co.za

Volg die **skakel** vir die nuutste wintersportuitslae.

**Menlo-ouers wat bid**

| | |
|---|---|
| Menlo-ma's | Donderdae (07:30) in die koshuis se sitkamer. Kontak 082 579 4968. |
| Menlo-pa's | Elke tweede Vrydag (06:00) in die Menlo-klubhuis. Kontak 082 457 6526. |

## Afrikaans 101: Het jy geweet?

Voorvoegsels word sonder 'n koppelteken vas aan die ander deel van die woord geskryf, tensy daar redes vir die gebruik van die koppelteken is.

Byvoorbeeld: niefiksie, oudleerder, maar oud-Parkie.

(Bron: Viva Taalwenk & 2017-AWS: 12.13 & 12.27)



## Menlo-brokkie uit die verlede

Die eerstehokkiespan het die Transvaalse Administrateurstrofee vir die eerste keer in 1986 gewen.

Me. Thea Jacobs was die afrigter.

# AKADEMIE

## SUPER 6 AKADEMIESE FLINKDINKFEES








Ons kan onsself beswaarlik 'n lewe sonder elektrisiteit, motors, vliegtuie en medisyne voorstel. Was dit nie vir die Edisons, Newtons, Bells en Jenners van die verlede nie, sou die hedendaagse lewe waarskynlik heel anders lyk. Dankie tog dat tandartse hulle hamers vir verdowingsmedisyne verruil het en dat die aflewering van jou Takealot-pakkie nie van die posduif afhanklik is nie.

Die Hoërskool Menlopark was verlede week in die bevoorregte posisie om 192 van die omgewing se slimste graadsesse op Menlo-bodem te verwelkom. Die rede vir hierdie Super 6-byeenkoms was weliswaar nie 'n simposium oor kunsmatige intelligensie nie, maar 'n samekoms waar ware intelligensie, hope pret, spanwerk en allerlei interessante uitdagings gekombineer is om te bepaal wie vanjaar se Super 6-kroon sal dra. In die proses is die innoveerders van die toekoms 'n blaaskans van die boeke gegun en kon hulle hulle akademiese kennis op 'n genotvolle manier toepas.

Die dag het vir die meeste van die Super 6-sterre met 'n rit op Pretoria se Pers Bus afgeskop waarna daar vir die res van die dag gedissekteer, gekodeer, geantisipeer, gelag en selfs gesing is. Teen die einde van die dag is die volgende gevolgtrekking gemaak:

**#myplekismenlo**

Die Parkieraad en nuutverkose Matriekraad het onomwonde bewys dat Menlo-bodem die ideale teelaarde vir ywer, entoesiasme, groot gees en samewerking is.

Die skool rig graag 'n woord van dank aan die personeel, en in die besonder aan me. Hannaliza Fechter, die Parkieraad, Matriekraad en hulle voogde asook die laerskole se Super 6-organiseerders en die slimkoppe se ouers. Dit was 'n voorreg om hierdie besoekers in ons midde te verwelkom.

Uitslae

1 Laerskool Anton van Wouw (Blou)
2 Laerskool Elarduspark (Blou)
3 Laerskool Lynnwood (Blou)

(32 spanne het aan die uitdaging deelgeneem en die res van die spanne was almal net-net vierde.)





# AKADEMIE

## ROBOTIKA

**UITSLAG: WÊRELD ROBOT-OLIMPIADE PROVINSIALE KOMPETISIE**

Vyf Menlo-spanne het verlede Saterdag aan die WRO se provinsiale kompetisie deelgeneem. Baie geluk aan Pro Tonix (Hein van Brummelen, David Uys en Steffan Ferreira) wat die tweede plek in die junior afdeling behaal het en sodoende na die nasionale ronde deurgedring het.







# SPORT

## BERGFIETS

**UITSLAG: CYCLE LAB-WEDREN (PRIME VIEW)**

| | |
|---|---|
| **Sub Junior Boys** | |
| Steffan Ferreira | 9de |
| **Youth 15 Men** | |
| Neil Botha | 4de |
| Jayden Pieterse | 6de |
| LJ van der Westhuizen | 9de |
| Ruben van Niekerk | 10de |
| **Youth 16 Men** | |
| Wihann Schalekamp | 7de |
| **Youth 16 Women** | |
| Kara du Plessis | 8ste |
| **Junior 17 Men** | |
| Jaco Aldum | 5de |
| **Junior 17 Women** | |
| Zelia Küsel | 6de |
| Katrijn Botha | 10de |
| **Junior 18/19 Women** | |
| Caitlin Read | 7de |
| **Volgende wedren** | 29 Augustus by Eye of Africa. |










# SPORT

## SPESIALE MUURBALOEFENING VIR GRAAD 8'S





Die skool nooi alle graad 8-leerders om muurbal op 'n informele en prettige manier te beproef, ongeag of hulle enige vorige ervaring het.

Die doel is om die sport aan leerders bekend te stel en vir hulle die geleentheid te gee om dit in 'n ondersteunende omgewing te probeer. Leerders het nie rakette nodig nie en speel in LO-sportdrag.

**Oefentye**

| | | |
|---|---|---|
| Vrydae | 13:30–14:30 | Plek vir 12 leerders. |
| Dinsdae | 13:30–14:30 | Plek vir 6 leerders. |

Leerders wat belangstel, is welkom om by die graad 8's se WhatsApp-groep aan te sluit om meer inligting oor die sessies te kry.

Volg die **skakel**.

## MENLO-ATLETE KWALIFISEER VIR AUSC REGION V-SPELE

Baie geluk aan die atlete wat die skool en land in Desember, in Mosambiek, by die AUSC Region V-Spele sal verteenwoordig.

**Seuns**

| | |
|---|---|
| Michael Shanzi | 400 m |
| Llewellyn van Heerden | 400 m |

**Dogters**

| | |
|---|---|
| Ruvé van der Ende | 400 m |
| Zanta Lourens | 2 000 m-hindernis |
| Janelle Kirkpatrick | 110 m-h & 400 m-h |
| Megan Nieman | 400 m-h |
| Shiloh Snijders | Diskus |



**Ruvé**



**Llewellyn**



**Zanta**



**Megan**



**Janelle**



**Michael**



**Shiloh**

# MENLOVARIA

DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**Ons kultuur. Ons talent. Ons trots.**

**Maandag 24 Augustus**

Koekbak
Drama
Skryfkuns
Foto's

Restaurant
Blou Teater
A1
A103

**Dinsdag 25 Augustus**

Drama
Grimering

Blou Teater
Menloplein

**Woensdag 26 Augustus**

Ligte musiek
Klassieke musiek

Ouditorium
Musieklokaal

**Donderdag 27 Augustus**

Bands
Klassieke musiek
Dans

Amfiteater
Musieklokaal
Saal

**Vrydag 28 Augustus**

Rokkies
Duitse Huisies
Harevleg
Kuns
Potjiekos

Amfiteater
Menloplein (pouse)
Menloplein
Voor die snoepie
Matriekplein en Menloplein

## INSKRYWINGS EN BETALING BY E103


Navrae: me. Vorster, A105

# PARKIE ENTREPRENEURS













# MARKPLEIN


INTERNATIONAL
HOTEL SCHOOL
Sluit aan
By meer as 30 000 suksesvol aangestelde gegradueerdes
Studeer gasvryheidsbestuur, kulinêre kuns of kruisvaartdienste.
Voltydse, deeltydse of aanlyn graad-, diploma- en hoër sertifikaatprogramme beskikbaar.
Opedag
BESPREEK NOU
SKANDEER NOU
Gradueer werkgereed; ons programme bied ongeëwenaarde praktiese werkservaring.
30 YEARS
Meer as 30 jaar gevestig, wat jou die beste reputasievoorsprong bied.
Ons bied nasionaal geregistreerde en internasionaal erkende kwalifikasies aan.
www.hotelschool.co.za
Benoni | Kaapstad | Durban | Gqeberha | Johannesburg | Pretoria | Wesrand


D.O.E.
DRIVERS ON EDUCATION
EDUCATE. TRAIN. DRIVE.
THE D.O.E. WAY!
PROFESSIONAL INSTRUCTORS
PICKUP & DROP-OFF
K53 METHOD TRAINING
SAFE, RELIABLE & AFFORDABLE
OUR PRICES
LEARNER'S LICENCE PACKAGE Online Learner's Portal, booking & confirmation, pickup & drop-off R1,500
CODE B DRIVING LESSON (2 HOURS) R700
CODE B PACKAGE (10 HOURS) R3,250 SAVE R250
CODE EB DRIVING LESSON (2 HOURS) R800
CODE EB PACKAGE (10 HOURS) R3,750 SAVE R250
BOOKING FEE (NATIS / TEST BOOKING) R1,028
CODE B TEST DAY R1,400
CODE EB TEST DAY R1,500
GOING EXTRA
Going with instructor on your 2-hour lesson (OUT-OF-AREA TRAVEL) + R500
R500 ADDED PER 2-HOUR LESSON
or +R500 on any 10-hour package
AUGUST SPECIAL
15% OFF
ON FULL PACKAGES!
Take your full Learner's Package or Full Driver's Package through D.O.E. and get 15% OFF!
OFFER VALID: 1 – 31 AUGUST 2025
PACKAGE DEALS
FULL CODE B DRIVER'S PACKAGE
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code B Test Day
NORMAL PRICE R5,678
15% OFF -R851.70
AUGUST PRICE R4,826
FULL CODE B LEARNER'S + DRIVER'S PACKAGE
Learner's Licence Package
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code B Test Day
NORMAL PRICE R7,178
15% OFF -R1,076.70
AUGUST PRICE R6,101
FULL CODE EB DRIVER'S PACKAGE
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code EB Test Day
NORMAL PRICE R6,278
15% OFF -R941.70
AUGUST PRICE R5,336
FULL CODE EB LEARNER'S + DRIVER'S PACKAGE
Learner's Licence Package
10 Hours Driving Lessons
Booking Fee
Code EB Test Day
NORMAL PRICE R7,778
15% OFF -R1,166.70
AUGUST PRICE R6,611
*Packages exclude fuel & any additional hours.
REFER & EARN!
YOU & YOUR REFERRAL BOTH GET R300 OFF!
EARN R300 CREDIT FOR EACH SUCCESSFUL REFERRAL!
AFTER 5 SUCCESSFUL REFERRALS, YOU GET A FREE TEST DAY!
D.O.E - 001
BOOK YOUR JOURNEY TODAY!
072 916 7548


Toyota Financial Services
NMi
TOYOTA MENLYN
TOYOTA RAV4
2.5 GX HEV
AUGUST SPECIALS
Make your motoring Dreams Possible
R724 900
DEALER CONTRIBUTION
R40 200
T's & C's APPLY.
TOYOTA HILUX
XTRA CAB
2.8 GD-6 RB
RAIDER AT
AUGUST SPECIALS
Make your motoring Dreams Possible
R672 000
DEALER CONTRIBUTION
R69 400
T's & C's APPLY.
TOYOTA HILUX
D/C 2.8 GD-6 RB
4X2 SRX AT
AUGUST SPECIALS
Make your motoring Dreams Possible
R594 900
DEALER CONTRIBUTION
R57 260
T's & C's APPLY.
CONTACT
COLETTE NEL
082 821 4252
012 995 1755
colette.nel@nmi.co.za
NMI Toyota Menlyn



evening
WARDROBE
Your matric farewell dress is waiting right across the street
Evening Wardrobe has one-of-a-kind matric farewell gowns ready for you to fit, fall in love with, and make unforgettable memories in.
Book your appointment today
WWW.BRIDALWARDROBE.CO.ZA
IG: @EVENING_WARDROBE




WAAR DIE GEMEENSKAP BLOM!
Lynnwood Lentefees
'n Fees vir die hele familie!
VRYDAG
4 SEPTEMBER
13:00 - 19:00
NG LYNNWOOD GEMEENTE
SUSSEXLAAN 439, LYNNWOOD
HEERLIKE KOS
OP-EN-WAKKER MUSIEK
PRET VIR DIE KINDERS
KOFFIE, KOEK & KUIER
TUISGEBAK
BRAAIVLEIS
LENTE, LEKKER KOS, MOOI MUSIEK,
VRIENDE EN FAMILIE!




Photoshoot
VENUE HIRE
Rodene House offers timeless architecture, elegant interiors, and charming outdoor spaces that create the perfect setting for photoshoots
FAMILY | MATERNITY | LIFESTYLE | MATRIC FAREWELL
RODENE HOUSE
109 RODENE ROAD, LYNNRODENE, PRETORIA
LYNNWOOD MANOR
admin@rodenehouse.co.za
082 378 2884




PRESS PLAY SHUTTLES
PREMIUM SHUTTLE SERVICE
COMFORT. SAFETY. STYLE.
ARRIVE IN STYLE MAKE AN ENTRANCE
SAFE & RELIABLE
PUNCTUAL SERVICE
PROFESSIONAL DRIVERS
MATRIC DANCE
ARRIVE IN STYLE. LEAVE WITH MEMORIES.
Make your matric dance a night to remember with our luxury shuttle service.
OUR PREMIUM FLEET
A FLEET OF LUXURY CARS FOR YOUR MATRIC DANCE
Lamborghini
ULTIMATE LUXURY. UNFORGETTABLE ARRIVAL.
Mercedes-Benz
TIMELESS ELEGANCE. PRESTIGE ON WHEELS.
BMW
PERFORMANCE. STYLE. EXCELLENCE.
FORD MUSTANG
AMERICAN ICON. PURE THRILL.
PORSCHE
LEGENDARY PERFORMANCE.
AUDI
SOPHISTICATION MEETS POWER.
VW
ICONIC. RELIABLE. STYLISH.
AND YOU NAME IT...
WE HAVE THE ULTIMATE FLEET.
WE HANDLE THE RIDE SO YOU CAN FOCUS ON THE MOMENT.
PERFECT FOR:
MATRIC DANCES
AFTER PARTIES
SPECIAL EVENTS
PHOTO SHOOTS
ANY OCCASION
BOOK YOUR RIDE TODAY
061 454 5967 | 069 529 4640
PRESS PLAY SHUTTLES - YOUR JOURNEY, OUR PRIORITY

DELTA
landscaping services

**CONTACT**
+27 76 034 6220
info@deltalandscaping.co.za




# ADOPT-A-SPOT

Delta Landscaping Services is trots daarop om openbare ruimtes te onderhou en te verbeter deur die Stad Tshwane se ***Adopt-a-Spot*-inisiatief.**

Ons werk daaraan om skoon, veilige en netjiese omgewings vir almal te skep, van parke en sypaadjies tot die tuine langs Atterburyweg.

**Jy kan saam met ons werk om 'n nóg groter impak te maak.**

Kontak ons gerus vir ondersteuning, skenkings, vennootskappe of professionele landskapdienste vir u huis of kantoor by:

**WILLIAM.GILLATT@DELTABEC.COM**

*Skep groener ruimtes. Bou sterker gemeenskappe.*

**Baie dankie aan ons huidige vennote!**

VdB
- VEZI · de BEER inc. -

FOUNDATION
PRETORIA COUNTRY CLUB
since 1910

CONCORDIA
APTEEK + PHARMACY

RN Inc
ROELF NEL INCORPORATED
Infrastructure Project Attorneys

www.deltalandscaping.co.za
Menlo Park, Pretoria

SALI